

DIE
MERINO PLAN
‘n PRODUK VAN MERINO SA



Saamgestel deur:

Lede van die Tegniese Komitee van Merino SA

Weergawe 2 (2014)



Inhoudsopgawe

▪ Inleiding	4
▪ Doel van die Merinoplan	4
▪ Kontak Besonderhede	4

Volledige prestasie en ouerskap aantekening (BLUP)

▪ Inleiding	5
▪ Wat behels volledige prestasie en ouerskap aantekening (BLUP)	5
▪ Beknopte werkswyse van BLUP	6
▪ Voordele vir die Merino teler	6
▪ Riglyne en reëls vir deelname aan die Nasionale BLUP Ontleding	6
▪ Hoe word ‘n teelwaarde geïnterpreteer?	7
▪ BLUP en Reproduksie	8
▪ Data insameling	8
▪ Hoe word resultate voorgestel?	8
▪ Goue meriete toekennings	9
▪ BLUP Silwer meriete ramme	9
▪ Prestasietoets prosedures: Prestasietoets telers	10
1. Aanvang periode	10
2. Toetsperiodes	10
3. Insameling van prestasietoets data	10
4. Ontvangs van verwerkte data	11
5. Addisionele inligting: wegingsfaktore	11

Merino veldram klubs

▪ Prestasietoets prosedures: Merino veldramklubs	12
1. Doel van ‘n Merino veldramklub	12
2. Toetsperiodes	12
3. Insameling van prestasietoets data	13
4. Ontvangs van verwerkte data	14
5. Addisionele inligting: wegingsfaktore	14
▪ Prestasietoetsing - “Ad hoc” deelnemers	15
▪ Logix navrae	15

Ander belangrike aangeleenthede van Merino SA wat nou gekoppel is aan die doeltreffende funksionering van Veldramklubs en Prestasietoetsprosedures

• Die amptelike metode vir die identifikasie van Merino skape	15
• Punte toekenning vir Wol en Bouvorm	16
• Prestasietoets-inligting in veilingkatalogus	17
• Meriete ramme	17
• Silwer meriete ramme	17

Ander belangrike aspekte van Merino SA wat gekoppel is aan die doeltreffende funksionering van die Merinoplan

• Die “Shepherd” rekenaar program	18
• Standaard inspeksie prosedures by alle amptelike Merino veilings	18
• Reëls by publisering van BLUP- & Prestasiedata per veilingskatalogus	18

Bylaes

• Vereistes vir toekenning van Silwer meriete status	19
• Vereistes vir toekenning van BLUP Silwer meriete status	19
• Merino prulfoute - wol eienskappe	20
• Merino prulfoute - bouvorm eienskappe	21
• Merino prulfoute - reproduksie eienskappe	22
• Aansoekvorm vir BLUP Silwer meriete ramme	23
• Aansoekvorm vir Silwer meriete ramme	24
• Besending inligtingsvorm 1	25
• Prestasie inligtingsvorm 2	26
• Prestasie inligtingsvorm 2A	27
• Prestasie inligtingsvorm 3	28
• Prestasie inligtingsvorm 3A	29
• Linière Punting - Woleienskappe	30
• Linière Punting - Bouvorm eienskappe	31
• CMW nasionale BLUP vaar rangorde	32
• BKB nasionale Waagvaar rangorde	33
• Aansoekvorm: Kleinveeverbeteringskema (LNR / Vagtoets)	34

Inleiding

Die genetiese verbetering van die produksie- en reproduksie eienskappe van die Merinoras deur middel van die toepassing van wetenskaplik gefundeerde teelplanne berus op die toepassing van stelsels wat as die “**Merino Plan**” bekend staan, naamlik

- **Volledige prestasie en ouerskap aantekening (BLUP)**
- **Merino veldram klubs**

Voorheen was die **Nasionale Merinoskou vir gemete produksie** en **Nasionale Merino nageslagtoets program** ook deel van die Merinoplan. Die laaste Gemete skou is in 2008 aangebied en Nageslagtoetse is in 2011 gestaak, hoofsaaklik weens gebrek aan deelname en omdat BLUP tot ‘n groot mate die doel waarvoor dit ingestel is vervang het. Beide het belangrike bydraes gelewer in die ontwikkeling van wetenskaplik gefundeerde Merinoteling.

Doel van die Merinoplan

- Om ‘n uniforme stelsel van rekordhouding en stoor van data daar te stel
 - Om met die minimum metings, inligting aan telers en kuddeboere beskikbaar te stel om produksie- en reproduksie doeltreffendheid onder normale boerdery omstandighede te verhoog.
- Hierdie programme vorm ‘n eenheid en die oordra van data tussen hierdie programme is van kardinale belang. Dit verseker dat telers aan enige van hierdie programme kan deelneem, sonder dat waardevolle data verlore gaan. Hierdie skema word moontlik gemaak deur noue samewerking tussen Merino SA en
- i. Woltoetsburo SA
 - ii. SA Stamboek
 - iii. LNR / Vagtoetsentrum

Kontak besonderhede

Instansie	Kontakpersoon	Tel / Sel	e-pos
Tegniese adviseur	Dr Buks Olivier	021 809 3354	bukso@elsenburg.com
LNR	Dr Derick Swart	049 842 1113	dericks@nda.agric.za
Vagtoetsentrum	Arno van Graan	049 842 2563	arnog@arc.agric.za
Merino SA	Danie Vorster	049 892 4218	merinosa@eastcape.net
Woltoetsburo SA	Glenda Pietschmann	041 503 6622	glenda.pietschmann@wtbsa.co.za
Merino SA Str. 1	Gert Smit	082 308 9460	gertsmit@zippnorth.co.za
Merino SA Str. 2	Gert Smit	058 913 1951	gertsmit@zippnorth.co.za
Merino SA Str. 3	Abrie Marais	051 773 7041	namarais@telkomsa.net
Merino SA Str. 4	Jannie de Villiers	082 417 9543	devilliersmerinos@gmail.com
Merino SA Str. 5	Julian Southey (President)	049 842 1612	julian@adsactive.com
Merino SA Str. 6	Adrian McNaughton	049 845 0155	charmac2@isat.co.za
Merino SA Str. 7	Stefan Naude	053 643 0186	snaude@isat.co.za
Merino SA Str. 8	Francois vd Merwe	027 341 2807	francois@tierhoek.co.za
Merino SA Str. 9	Frederick Neethling (Vise)	072 391 0773	awesomecharters.frederick@gmail.com
Tegniese komitee	Ben Brynard	027 341 2576	ben@hantam.co.za
Tegniese komitee	Geoff Kingwill	049 854 9231	gkingwill@lantic.net
Tegniese komitee	Andrew Jordaan jr (Voors)	082 855 5604	andrewjordaan3228@gmail.com
Tegniese komitee	Hendrik van Pletzen	051 436 3388	hendrikvp@mweb.co.za
Tegniese komitee	John Stretton	045 969 0103	jhstretton@tiscali.co.za
Tegniese komitee	Wallis Hardie	083 320 6005	wallis@barkly.co.za
Tegniese komitee	Dirkie Uys	082 413 0580	komarsekraal@whalemail.co.za
Tegniese komitee	John Melville	082 854 8795	jhmelville@cmw.co.za
Tegniese komitee	Willem Olivier	083 702 5218	willemo@daff.gov.za

Volledige prestasie en ouerskap aantekening (BLUP)

Inleiding

BLUP, wat staan vir “*best linear unbiased prediction*”, is reeds in die veertigerjare van die vorige eeu deur ‘n Amerikaner met die van Henderson ontwikkel. Die metode was aanvanklik té ingewikkeld om in die praktyk te gebruik, maar die ontwikkeling van rekenaars het dit meer toeganklik gemaak. Die Vaarmodel van BLUP is die eerste keer in 1976 deur die Amerikaanse Departement van Landbou gebruik om vaaropsommings vir Holsteinbulle te doen (Erasmus, 1993). Sedertdien het die gebruik van BLUP wêreldwyd uitgebrei en die metode word vandag algemeen by suiweldiere, vleisbeeste, varke, skape ensovoorts gebruik. Wat insiggewend is, is dat Dr Buks Olivier die heel eerste geheelras ontleding by skape in die wêreld in die laat tagtigerjare op die SA Merino gedoen het. Plaaslike Merinotelers gebruik dus al teelwaardes vir meer as 20 jaar lank!

Dit is algemeen bekend dat nuwe tegnologie stadig in die landbou aanvaar word. By mielieteling bv. het dit 30 jaar geneem om basterkultivars te aanvaar en vandag is dit ondenkbaar dat ‘n mielieboer die ou Golden Beauty sal plant, want verbeterde kultivars se opbrengs is totaal in ‘n ander klas. Nuwe idees, nuwe praktyke en verandering veroorsaak by meeste mense agterdog en weerstand om te verander en dit is nie ongewoon dat baie telers, kuddeboere en adviseurs BLUP as ‘n bedreiging sien en niks daarmee te doen wil hê nie. Dit was presies die geval met veldramklubs 25 jaar gelede en as ons terugkyk, het veldramklubs ‘n omwenteling in Merinoteling veroorsaak. Nuwe tegnologie en praktyke word vandag meer geredelik aanvaar want die druk om meer produktief en doeltreffend te wees, neem toe. Neem die ontwikkeling van selfone as voorbeeld. Baie min mense weet hoe ‘n selfoon regtig werk, maar dit werk verseker en die gebruik daarvan is alledaags en noodsaaklik. Net so weet baie min mense hoe BLUP metodologie regtig werk, maar dit werk en dieretelers en produsente gebruik teelwaardes wêreldwyd om die produktiwiteit en winsgewendheid van hul kuddes te verhoog.

In die moderne besigheidswêreld, waarvan Merino-boerdery en teling deel is, is dit noodsaaklik om besluite op grond van akkurate inligting te neem. Al wat BLUP doen is dat dit *inligting* verskaf om ‘n meer akkurate besluit te neem. BLUP is die mees akkurate en beste hulpmiddel om in diereteling te gebruik, want dit neem die dier se eie prestasie (produksie) en dié van sy verwantes (familie) in ag. Teelwaardes verskaf inligting oor ekonomies belangrike eienskappe wat meetbaar en oorerflik is, soos reproduksie (vrugbaarheid), groeivermoë, hoeveelheid skoonwol en kwaliteitseienskappe van wol soos veseldikte en stapellengte. Indien ‘n teler of kuddeboer hierdie eienskappe en dus die winsgewendheid van sy skaapkudde wil verbeter, sal teelwaardes hom help om dit vinniger te bewerkstellig.

BLUP skakel omgewingsinvloede uit en dui die werklike genetiese verskille tussen diere aan. Dit inkorporeer produksie en reproduksie om hierdie eienskappe gelyktydig te verbeter (Olivier, 2006). Teelvordering oor jare word akkuraat gemonitor en vergelykings binne die ras is beskikbaar.

Wat behels die konsep van volledige prestasie en ouerskap aantekening (BLUP) ?

Volledige prestasie en ouerskap aantekening behels die volgende:

- die aantekening van volledige **ouerskap**
- die byhou van volledige en akkurate **produksie** data
- die byhou van volledige en akkurate **reproduksie** data
- en die stoor van bovermelde data in ‘n nasionale databasis te SA Stamboek (SASB), ook bekend as **LOGIX**

Beknopte werkswyse van BLUP

- Wanneer 'n teler registreer as lid van Merino SA word sy besonderhede aan SASB verskaf vir registrasie. Geen SASB aansoekvorm hoef voltooi te word nie. Slegs opbetaalde Merino S.A. lede mag aan die opsie deelneem
- 'n Lid- en kuddenommer word aan die teler toegeken vir unieke stoor van data op LOGIX
- Enkel-ouer parings moet gedoen word, stambome moet akkuraat ingesamel word en akkurate moeder / lam identifikasies is van kardinale belang
- Ouerskap, speen, reproduksie en prestasiedata word deurlopend volgens die voorgeskrewe formaat aan SASB gestuur, waar data nagegaan en gestoor word
- Voor die tiende dag van elke maand word 'n nasionale BLUP gedoen en die inligting op LOGIX gelaai. Deelnemende telers ontvang 'n kuddeprofiel wat verwagte teelwaardes (*VTW – Verwagte Teelwaardes of EBV's – estimated breeding value*) van sy eie diere en ook die van die ras insluit

Voordele vir die Merinoteler

- Gestandaardiseerde rekordstelsel en sentrale stoor van data vir vergelyking tussen stoeterye
- Gebruikersvriendelik - Minimum rekords met maksimum inligting
- Uniek - Inkorporeer produksie en reproduksie om hierdie eienskappe gelyktydig te verbeter
- Plooibaar vir verandering en bekostigbaar
- Merinos met gewenste eienskappe en kombinasie tussen eienskappe word akkuraat identifiseer
- BLUP skakel omgewings invloede uit en dui die werklike genetiese verskille tussen diere aan
- Die oordra van die verlangde ekonomiese eienskappe na die nageslag is betroubaar
- Verandering in stoet- en teelvordering word oor jare akkuraat gemonitor
- Vergelykings binne ras en verandering in stoet tendense beskikbaar

Riglyne en reëls vir deelname aan die Nasionale BLUP ontleding

Die metode wat deur BLUP gebruik word beteken dat alle beskikbare data gebruik word om 'n dier se teelwaarde te beraam. As verkeerde data opgegee word het dit dus 'n effek op die betroubaarheid van almal se inligting. Om die stelsel te beskerm en akkurate inligting te verseker is daar reëls wat nagekom moet word.

Die minimum vereistes vir deelname aan die Nasionale BLUP ontleding is as volg:

- Die deelnemers moet 'n vol opbetaalde lid van Merino SA wees en by SASB registreer wees
- Volledige geboortekennisgewings en spendata moet deur LOGIX opgeneem word om reproduksie akkuraat te kan beraam. Geboortekennisgewing behels ouerskap, geboortedatum, geboortestatus en geslag. Die normale prestasietoetsdata nl. liggaamsgewigte en vagdata moet ook deur LOGIX opgeneem word
- 'n Stoet moet geneties gekoppel wees deur ten minste 2 ramme wat elk in 'n **gekoppelde** stoet, 25 of meer getoetse nageslag het, te gebruik. Die twee ramme wat gebruik word moet ook 25 of meer volledig prestasiegetoetste nageslag in u eie stoet lewer. Koppelings tussen jare / seisoene in dieselfde kudde is net so belangrik soos koppelings tussen kuddes
- Speengewigte moet op nagenoeg 100 dae ouderdom geneem word. Teken aan indien lammerooie in verskillende bestuursgroepe (kontemporêre groepe) soos bv. lande of veld was
- Gemiddelde prestasietoets ouderdom moet 10 maande en ouer wees
- Die klassering van alle diere net voor prestasietoetsing deur 'n geakrediteerde Merino adviseur is verpligtend. Elke dier moet 'n wol- en bouvormpunt kry
- Die jongste dier in toetsgroep mag nie jonger as 280 dae wees nie
- Minimum wolgroeiperiode moet 180 dae of meer wees

- Indien diere in verskillende groepe getoets word, bv. by Merino Veldramklubs, moet daar 5 of meer diere in so 'n toetsgroep per teler wees
- Ouderdomsverskil binne 'n groep mag nie 60 dae oorskry nie
- By ten minste 75% van die diere moet beide die ouers bekend wees
- Die gemiddelde liggaamsgewigte van ooie moet verkieslik 31 kg of meer wees terwyl die van ramme 39 kg en meer moet wees
- Liggaamsmassa moet akkuraat tot 0,5 kg bepaal word
- Ruvagmassa moet akkuraat tot 0,1 kg bepaal word
- Indien ramme van buite 'n stoet gebruik word moet groot sorg gedra word dat die identiteitsnommer van die ram korrek is
- Verkieslik moet 'n minimum van 75% van die ooilammers en 45% van die ramlammers wat gespeen is volledige prestasietoetsing ondergaan
- Slegs data wat deur die SA Woltoetsburo en SA Stamboek verwerk is sal aanvaar word
- Data moet volledig en akkuraat ingesamel word. Onthou data sal getoets word deur medetelers
- Die amptelike metode vir identifikasie van Merinoskape moet gevolg word (sien bl 15)

Hoe word teelwaardes geïnterpreteer?

Teelwaardes word gebruik om diere met mekaar te vergelyk. 'n Teelwaarde kan nooit 100 % akkuraat voorspel word nie, maar hoe meer inligting beskikbaar is, hoe akkurate sal die teelwaarde wees. Om bv. te bereken wat die verskil tussen die nageslag van twee ramme sal wees, word die teelwaardes van die twee ramme van mekaar afgetrek en deur twee gedeel omdat 'n ram 50% tot die nageslag bydra en die ooi die ander 50%. Die berekening is soos volg:

- **Liggaamsmassa**
Ram A se teelwaarde is bv. 5 kg en ram B se teelwaarde is 1 kg. Ram A se nageslag sal 2 kg swaarder wees $(5\text{kg} - 1\text{kg}) / 2$. Skoonvagmassa en stapellengte word op dieselfde wyse bereken
- **Veseldikte**
Ram A se teelwaarde is bv. -1.5 mikron en ram B se teelwaarde is +0.5 mikron. Ram A se nageslag sal 1 mikron fyner wees $[-1.5\text{ mikron} - (+0.5\text{ mikron})] / 2$
- **Relatiewe ekonomiese waarde (REW)**
Die relatiewe ekonomiese waarde is 'n aanduiding van die realiseerbare inkomste per kleinvee-eenheid (KVE) per jaar. Bv. ram A se REW is R30.00 en ram B se REW is R10.00. Ram A se nageslag sal 'n gemiddelde bruto marge van R10.00 (die helfte van R30.00 minus R10.00) per KVE per jaar meer as die van ram B in die boer se sak inbring. Die waardes is realisties ten opsigte van wat in die praktyk verwag kan word aangesien wol- en vleispryse jaarliks hersien word
- **Lam massa gespeen of "Total weight weaned" (TWW)**
Die TWW teelwaarde is 'n voorspelling van die reproduksie vermoë van die dier se dogters. Hoe hoër die waarde, hoe beter. Vir elke 1kg toename in TWW, sal die dier se dogters nagenoeg 4% meer lammers speen

Die interpretasie van teelwaardes is verder vereenvoudig deur 'n simbool saam met die teelwaarde te gebruik. Een van vyf simbole word by die teelwaarde aangetoon en dit dui aan die verwagte prestasie van die spesifieke dier (of eienskap) binne die Merinoras. Die simbole en hul betekenis is as volg:

* Uitstaande	Ram is in die boonste 10% van die ras
+ Bo-gemiddeld	Ram is in die boonste 40% van die ras
= Gemiddeld	Ram is binne die 20% om die gemiddelde van die ras
- Onder-gemiddeld	Ram is in die onderste 40% van die ras
x Swak	Ram is in die onderste 10% van die ras

BLUP & Reproduksie

Wanneer skaapboere praat van reproduksie, word gedink aan dragtigheid, lampersentasies en speenpersentasies van ooie gepaar. Binne die Merinoplan word individuele diere se totale kilogram lam gespeen per paarkans oor tyd met mekaar vergelyk. Hiermee word die mees produktiefste diere binne 'n kudde geïdentifiseer, waaruit stoetramme/ooie geselekteer kan word en ook seker te maak dat die diere met die gewenste aanteel gene in die kudde voorkom. Hierdie resultate word hoofsaaklik met 2 waardes aangedui, naamlik OPI en TWW.

- **Ooiproduktiwiteit indeks (OPI)**
Ooie van dieselfde stoet / kudde en jaargroep word met mekaar vergelyk volgens massa lam gespeen per paarkans en as 'n indeks uitgedruk. Die verskille in ouderdom en verskillende vlakke van reproduksie is in ag geneem. Die OPI is dus net 'n binne-kudde indeks
- **Totale massa gespeen (TWW of LMS)**
Die TWW syfer is 'n voorspelde teelwaarde van kilogram lam gespeen per paarkans. Die waarde word afgelei van die stamboom (voor – en nageslag) se speenvermoë en geld vir beide ramme en ooie. Net soos die ander teelwaardes is die syfer relatief tot die ras in 'n bepaalde basisjaar

Hierdie syfer is nasionaal vergelykbaar, maw omgewingsinvloede word uitgeskakel. Vordering t.o.v. speenpersentasie is moontlik - dit is eksperimenteel bewys dat tot 2% genetiese vordering per jaar moontlik is.

Duimreël – 1kg verhoging in TWW is ongeveer 4% lammers gespeen per ooi gepaar.

Die eienskap is laag oorerflik maar toon baie variasie – meting daarvan dus uiters noodsaaklik.

'n Dier se teelwaarde word beraam van sy eie prestasie en die van ouers en voorouers. Akkurate waardes kan eers verkry word na ongeveer 10 jaar se speengewigte wat aangeteken is.

Alhoewel 'n ram nie lam nie dra hy reproduksie-gene oor na sy ooinageslag.

Data insameling

- Identifiseer beide ouers van lam met geboortestatus
- Neem 100 dae speengewigte binne kontemporêre groepe (diere van dieselfde kamp met selfde behandeling)
- Teken ook ooie aan wat oorgeslaan het asook alle dooie lammers wat nie gemerk is nie

Hoe word resultate voorgestel?

- **Reproduksieverslag**
 - Groeiprestasie van lammers met gekorrigeerde speenmassa en speenindeks
 - Ooiproduktiwiteit rekords met elke ooi se aantal paarkanse, lammers gespeen, lamindeks en Opi afwyking
 - Gemiddelde indeks van ooie se lammers – om ooie met baie maar swak lammers te identifiseer
- **TWW waarde met akkuraatheids persentasie**
 - Verskyn saam met BLUP data van 'n dier. 'n Akkuraatheids persentasie word langs die TWW waarde getoon, wat 'n aanduiding is van hoeveel speen data daar van die dier se nageslag beskikbaar is
 - Die waarde se skaal is net soos die teelwaarde vir liggaamsmassa met -2 as swak en + 6 as baie goed
 - Akkuraatheid gee aanduiding van die hoeveelheid inligting gebruik. Minder as 30% is onakkuraat

Goue Meriete toekennings

Die doel van Goue meriete ramme is om geneties meerderwaardige vaars te identifiseer vir gebruik in die bedryf. In die verlede is Goue meriete status aan toppresterders in Nageslagtoetse toegeken volgens streng vereistes. Goue meriete ramme word voortaan jaarliks in Mei en September aangewys word as volg:

- Die BLUP vaarrangorde soos verkry op Logix sal as verwysing gebruik word

‘n Goue meriete ram moet:

- In minstens drie deelnemende BLUP stoeterye gebruik gewees het
- Minstens 25 getoetste nageslag per deelnemende BLUP stoet en dus minstens 75 getoetste nageslag hê
- Vir ‘n minimum van twee van die vier produksie eienskappe in die beste 10% (*) van die Merino ras geleë wees
- Vir ‘n derde van die vier produksie eienskappe minstens in die beste 40% (+) van die Merino ras geleë wees
- Vir die vierde van die vier produksie eienskappe minstens rondom die gemiddelde (=) van die Merino ras geleë wees
- Vir Relatiewe Ekonomiese Waarde (REW) in die beste 10% (*) wees
- Vir Lam Massa Speen (TWW) minstens rondom die gemiddelde (=) wees
- Verwagte teelwaardes vir wol en bouvorm van minstens sewe (7) hê

BLUP silwer meriete ramme

- Alle BLUP silwer meriete sertifikate word deur Merino S.A. uitgereik
- BLUP silwer meriete ramme moet aan elk van die vereistes voldoen ten opsigte van Liggaamsmassa, Skoonvagnmassa, Veseldikte, Stapellengte, Relatiewe Ekonomiese Waarde, Toetsgroepgrootte, Prulfoute en Visuele Beoordeling ten einde BLUP silwer meriete status te verwerf (Sien bylaag bladsy 19)
- Blup silwer meriete ramme word slegs met finale keuring, deur ‘n minimum van twee Merino SA adviseurs, albei gelyktydig teenwoordig, aangewys en kan daar onder geen omstandighede addisionele Blup silwer meriete ramme by ‘n latere geleentheid aangewys word nie. By finale keuring moet BLUP data van ramme beskikbaar wees
- Alle ramme wat aan die Merinoplan prestasietoetsing program onderworpe was (ramme van telers deelnemend aan die Merinoplan) en aan bovermelde vereistes voldoen, kan as BLUP silwer meriete ramme aangewys word. Dit sluit ramme in, geteel vir eie gebruik of vir aanbied per veldram- of produksieveiling. Merinoplan lede moet **ten minste 10 ramme, wat die nageslag is van ten minste 2 vaars is**, by ‘n veldramklub toets ten einde die LNR in staat te stel om teelwaardes (EBV’s) te verskaf. Die onus berus by die teler (Merinoplan lid) om die LNR van betrokke ram I.D. nommers, asook van ooreenstemmende toetsnommers by betrokke klub te voorsien
- Voorsien die Merino S.A. kantoor so spoedig moontlik na finale keuring van BLUP Silwer meriete ram inligting op toepaslike vorms ten einde sertifikate tydlig uit te reik
- ‘n Ram kan beide ‘n Silwer meriete sertifikaat asook ‘n BLUP Silwer meriete sertifikaat ontvang, indien betrokke ram aan alle vereistes soos vasgestel per addendum bladsy 26 voldoen.
- Alle data moet sentraal deur SASB verwerk en gestoor word ten einde BLUP Silwer meriete ramme aan te wys

Prestasietoets prosedures: Prestasietoets telers

Alle BLUP deelnemers en Veldramklubs sal voortaan slegs van die Logix stelsel gebruik maak. Dit behels dat alle woltoets montere en gewens direk na die Woltoetsburo (WTBSA) in Port Elizabeth versend word en alle prestasiedata deur SA Stamboek (SASB) in Bloemfontein verwerk, aan deelnemers gestuur en op Logix beskikbaar sal wees. Merino SA het beding vir hierdie diens en lede hoef geen aansluitingsvorme te teken nie. Ander / *ad hoc* toetse kan deur WTBSA / SASB OF LNR (Vagtoetsentrum) verwerk word en die data dus by Logix *OF* Intergis gestoor word. Lede wat data laat verwerk by Stamboek sal 'n R250 heffing plus R4 per ooi per jaar betaal. Lede wat slegs wolontledings laat doen word deur WTBSA faktureer, en nie ook vir enige fooie aan Stamboek nie.

Lees asseblief onderstaande inligting tesame met **Besendings Inligtingsvorm 1** en **Inligtingsvorm 2 & 2A**. Hierdie vorms is ook op Merino SA en WTB se webblaai beskikbaar.

1. Aanvang periode

- **Eerste skeer:** Die lammers moet op dieselde dag geskeer word en moet daarna onder dieselfde voedings- / omgewingstoestande vir 'n periode van ten minste 180 dae getoets word

2. Toetsperiodes

- **Woltoetsperiode:** Die woltoetsperiode van 'n **minimum periode van 180 dae** begin op dag wanneer lammers vir die eerste keer geskeer is
- **Liggaamsmassa-toetsperiode:** Die afsluit-liggaamsmassa na afloop van 'n **minimum periode van 150 dae**, moet ook op 'n 12-uur leë-pensinhoud (ingekraalde sonder enige kos- of water-toestande) geneem word
- Diere wat saam getoets word moet in slegs een bestuursgroep wees en moet te alle tye in dieselfde trop loop en dieselfde bestuur geniet
- 'n Minimum **toetsgroep-grootte** van **20 diere** word vereis
- Die jongste dier in die toetsgroep mag nie jonger as **280 dae** wees nie

3. Insameling van prestasietoets data

- **Wolmonster:** Die grootte van die midrib-monster moet minstens **30 gram** wees. Neem alle wolmonsters op die korrekte midrib-posisie. Die volledige ID nommer (KKM – Jaar - Volgnommer) moet by elke wolmonster verpak wees
- **Liggaamsmassa:** 'n Finale liggaamsmassa, na verloop van 'n minimum periode van 180 dae, word benodig. Liggaamsmassas moet op 'n 12 uur-leë-pensinhoud (ingekraalde toestande sonder enige kos of water) geneem word
- **Vagmassa:** Weeg alle wol (miskloste uitgesluit) tot minstens 0.1 kg akkuraat na afloop van 'n minimum wolgroei-periode van 180 dae. (Akkurate vagweging is baie belangrik)
- Elke dier se wolmonster, asook ingesamelde data, moet versend word na:

Per Pos na:

S.A. Woltoetsburo
Posbus 1867,
PORT ELIZABETH
6000

Per Koerier na:

S.A. Woltoetsburo
H/v Gomery ave. & University way
Summerstrand
PORT ELIZABETH
6000

S. A Woltoetsburo se verdere besonderhede:

Kontakpersoon: Johan Barkhuizen
Telefoonnommer: 0415036600
e-pos adres: fleece@wtbsa.co.za
web adres: www.wtbsa.co.za

of

Kontakpersoon: Glenda Pietschman
 Telefoonnommer: 0415036622
 e-pos: glenda.pietschmann@wtbsa.co.za
 Faks: 0415832994

Met versending van wolmonsters moet seker gemaak word dat die *Besendings Inligting Vorm 1* asook *Prestasie inligting Vorms 2 & 2a* volledig voltooi word en tesame met die wolmonsters versend word. (Hou afskrif in veilige bewaring)

Besendings Inligting Vorm 1:

- Alle besonderhede van die lid moet voltooi word – maak seker dat e-pos adres, waarheen verwerkte data gestuur moet word, voltooi is
- Maak seker dat blokkies gemerk word van watter toetse verlang word – aanbeveling is dat blokkies vir veseldikte, skoonopbrengs en stapellengte gemerk word

Prestasie inligtings Vorms 2 & 2a:

- Voltooi bladsy nommer asook aantal bladsye wat inligting beslaan
- Voltooi omgewingskode en groep waarin diere geloop en bestuur is. As die ooie in twee verskillende troppe in twee verskillende tipes veld geloop het dan is daar twee verskillende omgewingskodes en twee verskillende groep nommers
- Voltooi die twee datums waarop diere geskeer is
- Verskaf net 'n nommer, in numeriese volgorde, om die aantal diere aan te dui
- Die skaap se ID nommer, in numeriese volgorde, van elke dier wat getoets is
- Die geboortestatus van die dier (indien bekend)
- Die ouderdom van die dier se moeder (indien bekend) - lammers van jong en ouer ooie se data moet verskillend verwerk word
- Die afsluit liggaamsmassa van elke dier, tot naaste 0.5 kg, word ingevul
- Die ruvagsmassa van elke dier, tot naaste 0.1 kg, word ingevul
- By graad veld word die punte toegeken vir wol (eerste) en bouvorm (tweede), direk langs mekaar, ingevul
- Die dier se vaar se ID nommer (indien bekend)

4. Ontvangs van verwerkte data

Prestasietoets Telers sal hulle verwerkte data direk vanaf S A Stamboek terug ontvang en indien daar enige navrae is, skakel asseblief vir Herman Labuschagne by S A Stamboek by die volgende adres:

S A Stamboek

Produksie-aantekening
 Posbus 270
 BLOEMFONTEIN
 9300
 Tel. 051-4100900
 Faks: 051-4473964
 Web: www.studbook.co.za

Navrae:

Herman Labuschagne:
 herman@studbook.co.za

of

Kleinvee afdeling
 smallstock@studbook.co.za

5. Addisionele inligting:

Wegingsfaktore wat gebruik word is

1LM + 6SVM – 3VD

Merino Veldramklubs

Alle veldramklubs moet voortaan deur Woltoetsburo / Stamboek werk sodat lede wat bv. BLUP doen se data op dieselfde stelsel (Logix) beskikbaar is. Klubs kan ook katalogusse deur Logix laat genereer volgens die standaard formate, 'n opsie wat nie by LNR (Vagtoets) beskikbaar is nie.

Lede wat data laat verwerk by Stamboek, se fooie dek ook die koste indien hulle ramme by klubs inskryf. Lede wat slegs ramme wat hulle by veldramklubs inskryf se data laat verwerk, sal ook vir die R250 Stamboek heffing faktureer word.

Die klub sal geen fooie betaal aan WTB of Stamboek nie, maar slegs vir die katalogus wat opgestel word deur Logix.

Prestasietoets prosedures: Merino veldramklubs

Lees asseblief onderstaande inligting tesame met **Besendings Inligtingsvorm 1** en **Prestasie inligtingvorm 3** (& 3A vir meer bladsye).

1. Doel van 'n Merino veldramklub

Om potensieële teelramme onder eenvormige kommersiële boerdery-toestande akkuraat te evalueer.

2. Toetsprosedures

Voor inname en inname

- **Ouderdom**

Om rede die fisiologiese stadium van die ramme 'n groot invloed op hulle prestasie het, word aanbeveel dat die ouderdom van die ramme by inname so na as moontlik by mekaar sal wees. 'n Riglyn is dat ramme by inname nie ouer as ses maande moet wees nie en dat die verskil in ouderdom nie meer as twee maande moet wees nie

- **Toelatingsmassa**

Daar moet gepoog word om toelatingsmassa so na as moontlik eenvormig te kry, sodat die effek van verskille in behandeling voor toetsing, so klein as moontlik sal wees en word die toelatingsmassa grense dus op **15 kg** vasgestel. Dit kom daarop neer dat die swaarste lammers en die ligste lammers nie meer as 15 kg in liggaamsmassa by toelating sal verskil nie. Gee dus aan voornemende deelnemers 'n aanbevole massa van byvoorbeeld 35 - 50 kg. Lammers wat die maksimum grens van 50 kg oorskrei moet nie afgelaai word nie maar die lammers wat onder die minimum grens van 35 kg afgelaai word, word op risiko van die teler afgelaai aangesien sodanige lammers moontlik nie binne die 20 kg inname massa grense na die aanpassingsperiode sal wees nie

- **Aanpassingsperiode**

Die lammers wat binne die toelatingsmassa-grense geval het, moet so gou as moontlik na toelating geskeer word en daarna onder dieselfde voedings- / omgewingstoestande vir 'n aanpassingsperiode van **30 dae** laat loop word

- **Beginmassa**

Na afloop van die aanpassingsperiode van 30 dae, word alle lammers se massa geneem op 'n 12 ure leë pensinhoud. (Ingekraalde sonder enige kos- of water-toestande). Die beginmassa grense word nou op **20 kg** vasgestel. In die praktyk word die swaarste lam se massa geneem en afwaarts aangepas met 20 kg om die onderste grens te bepaal. Die ligste lammers in die groep wat nou buite hierdie 20 kg grens val, kan in die groep bly en by finale keuring hand-en-oog ge-evalueer word en mag ook op 'n veiling aangebied word. Geen prestasiesyfers van die lammers sal deur S A Stamboek verwerk en beskikbaar gestel word nie

Toetsperiodes

- **Woltoetsperiode**

Die woltoetsperiode van 'n **minimum periode van 180 dae** begin op dag wanneer lammers geskeer is, net na toelating

- **Liggaamsmassa-toetsperiode**

Die liggaamsmassa-toetsperiode vir bepaling van gemiddelde daaglikse groei (GDT), moet 'n **minimum van 150 dae** wees en begin op dag wanneer beginmassa geneem is. Die afsluit-liggaamsmassa na afloop van 'n minimum periode van 150 dae, moet ook op 'n 12-uur leëpensinhoud (ingekraalde sonder enige kos- of water-toestande) geneem word. Dit word aanbeveel dat ramme sal groei teen 'n minimum van 90 gram per dag. **Indien die ramme teen gemiddeld minder as 50 gram per dag gegroei het, sal geen prestasie data deur SA Stamboek verwerk word nie en sal die volle toets afgekeur word.** Indien 'n klub se gemiddelde daaglikse toename twee agtereenvolgende jare nie 50 gram per dag haal nie, sal dit aan Merino S.A. gerapporteer word, waarna sodanige Klub sy akkreditasie by Merino S.A. kan verloor

- Dit word aanbeveel dat geen ramme vir watter rede ookal, sonder toestemming van die bestuur, tydens die toetsperiode uit die groep verwyder word nie
- Ramme moet in slegs een bestuursgroep wees en moet te alle tye in dieselfde trop loop en dieselfde bestuur geniet
- 'n Minimum **toetsgroep-grootte** van **20 ramme** word vereis

3. Insameling van prestasietoets data

- **Wolmonster**

Die grootte van die midrib-monster moet minstens **30 gram** wees. Neem alle wolmonsters op die korrekte midrib-posisie. Die volledige ID nommer (KKM – Jaar - Volgnommer) moet by elke wolmonster verpak wees

- **Liggaamsmassa**

Beginmassa, asook 'n afsluitings liggaamsmassa, na verloop van 'n minimum periode van 150 dae, word benodig. Liggaamsmassas moet in beide voormelde tye op 'n 12 uur-leëpensinhoud (ingekraalde toestande sonder enige kos of water) geneem word

- **Vagmassa**

Weeg alle wol (miskloste uitgesluit) tot minstens 0.1 kg akkuraat na afloop van 'n minimum wolgroei-periode van 180 dae. (Akkurate vagweging is baie belangrik)

- Elke dier se wolmonster, asook ingesamelde data, moet **versend** word na:

Per Pos na:

S.A. Woltoetsburo
Posbus 1867,
PORT ELIZABETH
6001

Per Koerier na:

S.A. Woltoetsburo
H/v Gomery Ave & University way
Summerstrand
PORT ELIZABETH
6000

S. A. Woltoetsburo se ander besonderhede:

Kontakpersoon: Johan Barkhuizen
Telefoonnommer: 0415036600
e-pos adres: fleece@wtbsa.co.za
web adres: www.wtbsa.co.za

of

Kontakpersoon: Glenda Pietschman
 Telefoonnommer: 0415036622
 e-pos: glenda.pietschmann@wtbsa.co.za
 Faks: 0415832994

Met versending van wolmonsters moet seker gemaak word dat **Besendings Inligting Vorm 1** asook **Inligting Vorms 3 & 3a** volledig **voltooi** word en **tesame met die wolmonsters versend** word. (Hou afskrif in veilige bewaring)

Besendings Inligting vorm 1:

- Alle besonderhede van die klub moet voltooi word – maak seker dat die e-pos adres waarheen verwerkte data gestuur moet word, voltooi is
- Maak seker dat blokkies gemerk word van watter toetse verlang word – aanbeveling is dat blokkies vir veseldikte, skoonopbrengs en stapellengte. gemerk word

Prestasie inligtings vorms 3 & 3a:

- Voltooi **bladsy nommer** en aantal bladsye wat inligting bevat
- Voltooi **naam van klub**
- Voltooi die twee datums waarop diere **geskeer** is
- Voltooi die twee datums (Beginmassa & Afsluitmassa – beide op 12 uur leë pensinhoud) waarop diere se massas **geweeg** is
- Verskaf net ‘n **nommer**, in numeriese volgorde, om die aantal diere aan te dui
- Die **dier ID Nommer**, van elke dier soos van toepassing by die ramklub. Om verwarring uit te skakel moet geen toetsnommers van diere in die klub ingestuur word nie.
- Die **begin liggaamsmassa** van elke dier, tot naaste 0.5 kg, word ingevul
- Die **afsluit liggaamsmassa** van elke dier, tot naaste 0.5 kg, word ingevul
- Die **ruvagsmassa** van elke dier, tot naaste 0.1 kg, word ingevul
- By **graad** veld word die **punte** toegeken vir wol (eerste) en bouvorm (tweede), direk langs mekaar, ingevul

4. Ontvangs van verwerkte data

Merino Veldram Klubs sal hulle verwerkte data direk vanaf S A Stamboek terug ontvang en indien daar enige navrae is, skakel asseblief vir Herman Labuschagne by S A Stamboek by die volgende adres:

S A Stamboek
 Produksie-aantekening
 Posbus 270
 BLOEMFONTEIN
 9300 of
 Tel. 051-4100900
 Faks: 051-4473964
 Web: www.studbook.co.za

Navrae:
 Herman Labuschagne:
 herman@studbook.co.za

Kleinvee afdeling
 smallstock@studbook.co.za

5. Addisionele inligting:

Wegingsfaktore wat gebruik word is:

1LM + 8SVM – 4VD + 136GDT

- Alle Merinoplan lede moet **ten minste 10 ramme, wat die nageslag is van ten minste 2 vaars is**, by 'n veldramklub toets ten einde S A Stamboek in staat te stel om teelwaardes (EBV's) te bereken en te verskaf
- Nadat indeks inligting (na afhandeling van die toets) beskikbaar gestel is aan die klubs kan die klubs dan die diere se ID nommer koppel aan die toetsnommers van elke ram. Die diere se ID nommers (geen toetsnommers) moet ingestuur word om die uitreiking van gestandaardiseerde veilings katalogusse te vergemaklik
- Alle Merino Veldramklub data moet deur die S A Stamboek sentraal verwerk en gestoor word en slegs hierdie resultate mag as amptelike syfers bekend gemaak word

Prestasietoetsing - "Ad hoc" deelnemers

Ad hoc deelnemers is lede wat nie noodwendig elke jaar prestasietoetsing doen nie en / of sonder ouer-rekords, en daarvolgens indekse en prestasiedata ontvang

- Deelnemers het 'n keuse om van WTB / Stamboek (Logix) **of** LNR / Vagtoets (Intergis) gebruik te maak
- Dieselfde bepalings t.o.v. fakturering en betalings aan Stamboek en WTB geld soos hierbo uiteengesit. Indien 'n lid bv. slegs laat toets en indekse opstel, sal hy steeds die R250 ledegeld betaal by Stamboek, maar nie ekstra fooie per ooi nie. Hy kan dan ook hierdie inligting in katalogus formaat laat druk direk vanaf Logix. WTB sal hom apart faktureer vir wolontledings.
- Geen GDT inligting sal vir *ad hoc* prestasietoetsing beskikbaar gestel word nie
- Om data deur die Vagtoetsentrum te laat verwerk, moet die lid by die LNR geregistreer wees (Sien aansoekvorm). Wolmonsters en prestasiedata word versend na:

Vagtoetsentrum

Privaatsak X529
Middelburg
5900
Tel:049 842 1113

Logix navrae

Inligting word op Logix gelaai en telers kan dit daarvandaan aflaai, maar 'n handleiding oor die gebruik van Logix moet nog opgestel word. Merino SA kantoor sal voortaan as diens aan lede alle telefoniese navrae oor Logix tydens kantoorure hanteer.

Enige lid mag by die kantoor enkel dier inligting aanvra oor diere op *public domain*, m.a.w. diere wat vir KI beskikbaar, of op veilings aangebied word (nie na die veiling as dit verkoop is nie), en / of indien die eenaar toestemming aan Merino SA gee daarvoor (skriftelik of telefonies).

Ander belangrike aangeleenthede van Merino SA wat nou gekoppel is aan die doeltreffende funksionering van Veldramklubs en Prestasietoetsprosedures

Die amptelike metode vir die identifikasie van Merino skape

Merino S.A. vereis dat elke Merino wat as stoet gebore is permanent geïdentifiseer sal word met 'n identifikasie nommer wat bestaan uit drie dele nl:

- Registrasienommer van stoet
- Jaar van geboorte
- Volgnommer

Voorbeeld: Reg. Stoet nr + Jaar van geboorte + Volgnommer = I.D.
 1832 + 11 + 0123 = 1832060123

Let asseblief daarop dat

- Die diere se identifikasie nommer moet soos bo op alle dokumente aangeteken word
- “Byname” mag nie gebruik word vir identifikasie doeleindes nie
- Ramme aangekoop by ander telers behou hulle oorspronklike identifikasie nommers
- Toetsnommers voorsien by Merino Veldram Klubs moet van rekord gehou word om dit te koppel aan die oorspronklike identifikasie nommer vir verwysings doeleindes

Punte toekenning vir Wol en Bouvorm

By keuring van skape voordat prestasie data ingesamel word moet ‘n wol- en bouvorm punt toegeken word aan alle diere (ramme sowel as ooie – prulle ingesluit). Die toekenning van punte moet behartig word deur ‘n geakkrediteerde Merino adviseur maar waar twee of meer telers se diere aanwesig is (by Merino Veldram Klubs), deur twee geakkrediteerde Merino adviseurs. Punte vir wol en bouvorm word as volg toegeken:

1 – 2	Swak
3 – 4	Onder Gemiddeld
5	Gemiddeld
6 – 7	Bo Gemiddeld
8 – 9	Uitstekend

Prestasietoets inligting in veilingkatalogus

Tot dusver was drie amptelike katalogus formate beskikbaar naamlik Volledig, BLUP syfers en Indekse (Sien voorbeelde – addendum).

Lede het verskillende behoeftes wat katalogusse betref bv. vir BLUP-, Veldram- en *Ad hoc*-prestasietoets deelnemers. Verskeie katalogus formate sal via Logix beskikbaar gestel word vir amptelike gebruik vanaf 2013:

- Volledig, met BLUP waardes, indekse en gemete (boekieformaat) en is reeds beskikbaar. Die klub / teler stuur ‘n lys met lotnommers en ooreenstemmende ram ID nommers aan Stamboek waaruit die katalogus genereer word. Dit sal verseker dat data deur ‘n geakkrediteerde instansie verskaf word en geverifieër is
- Lyn formate met verskillende opsies

Bestaande voorskrifte vir katalogus inligting:

Essensieël

- Liggaamsmassa-indeks / afwyking
- Skoonvagnmassa-indeks / afwyking
- Veseldikte-indeks / afwyking
- Gemiddelde daaglikse toename (GDT) – indeks / afwyking

Opsioneel

- Veseldikte in katalogus - slegs werklike veseldikte van vag op die skaap tydens die veiling mag gewys word, geneem een maand voorafgaande die veiling
- Seleksie indeks / Relatiewe Ekonomiese Produksiewaarde
- Stapellengte-indeks
- Kartel / Veseldikte afwyking
- Liggaamsmassa met veiling
- Die toets en waarborg van ramme vir geslaggeskiktheid soos deur Merino S.A. aanbeveel
- Ramme wat buite die volgende toetsgrense val weens moontlike data/foute, se indekse word weggelaat uit die katalogus: Indekse **laer as 70 of hoër as 160** behalwe plooitelling en GDT

Meriete ramme

- Huishoudelike aangeleentheid volgens die diskresie van Veldramklub/bestuur
- Meriete ramme moet egter volgens beskikbare prestasie-toets resultate 'n minimum seleksie indeks persent van 100 behaal

Silwer meriete ramme

- Alle Silwer meriete sertifikate word deur Merino S.A. uitgereik
- Die boonste 20% van alle ramme in die toetsgroep kom volgens rangorde in aanmerking vir Silwer meriete status
- Uit bovermelde groep (boonste 20%) moet 'n ram ook aan elk van die vereistes voldoen ten opsigte van Seleksie-, Liggaamsmassa-, GDT-, Skoonvagnmassa- en Veseldikte indekse, asook vir plooitelling, prulfoute, visuele beoordeling en toetsgroep grootte, ten einde Silwer meriete status te verwerf (Sien addendum bl. 19)
- Silwer meriete ramme word slegs met finale keuring, deur 'n minimum van twee Merino SA adviseurs, albei gelyktydig teenwoordig, aangewys en kan daar onder geen omstandighede addisionele Silwer meriete ramme by 'n latere geleentheid aangewys word nie
- Alle ramme wat aan prestasietoetsing onderworpe was en aan bovermelde vereistes voldoen, kan as Silwer meriete ramme aangewys word. Dit sluit ramme op 'n spesifieke plaas of produksieveiling ens. in
- Voorsien die Merino S.A. kantoor so spoedig moontlik na finale keuring van Silwer meriete ram inligting, op die amptelike vorms, ten einde toepaslike sertifikate tydig uit te reik
- Alle data moet sentraal deur SASB verwerk en gestoor word om vir Silwer meriete status te kwalifiseer

Ander belangrike aangeleenthede van Merino SA wat nou gekoppel is aan die doeltreffende funksionering van die Merinoplan

Die “Shepherd” Rekenaarprogram

Die neem van rekords van individuele diere is nie alleen duur nie, maar neem ook baie tyd in beslag. Die doel hiervan moet dus wees om maksimum bruikbare inligting in te samel en hierdie inligting dan effektief te gebruik. Ordelyke rekordhouding begin op die plaas. Om hierdie proses te vergemaklik, asook om waarde tot bestaande inligting te voeg, is die “Shepherd” rekenaar program spesifiek vir kleinveetelers ontwikkel en voldoen aan die volgende vereistes:

- Plooibaarheid om aan verskillende behoeftes te voldoen
- Elektroniese instuur en ontvang van data
- Gereelde opdatering om nuwe tegnologie te benut

Standaard inspeksie prosedures vir alle amptelike Merino veilings

Die amptelike inspeksievorms soos voorsien deur Merino SA moet voltooi word by alle amptelike veilings waar ramme en/of ooie onder beskerming van Merino SA aangebied word. Amptelike veilings sluit in: Produksie-, Groep produksie-, Veld ram- asook Herfs/Lente ram veilings

- Die inspeksie moet behartig word deur ten minste twee geakkrediteerde Merino adviseurs
- 'n Teler(s) mag Merino adviseurs van sy / hul keuse gebruik
- Reëls van toepassing op publiserings van data per veilings katalogus moet streng nagekom word
- BLUP Silwer en Silwer meriete ramme mag slegs tydens finale inspeksie aangewys word
- Die besluite van geakkrediteerde Merino adviseurs is bindend en geen appél mag teen enige besluit ingedien word nie
- Die voltooiing van inspeksie verslae asook aansoekvorms vir goedkeuring van Silwer meriete en BLUP Silwer meriete ramme op goedgekeurde vorms (beskikbaar by Merino SA kantoor), moet

so spoedig moontlik na inspeksie aan Merino S.A. kantoor gestuur word vir kontrole, verifiëring en uitreiking van sertifikate

Aansoeke moet die volgende insluit:

- Prestasie of BLUP data (EBV's) van kwalifiserende ramme
- Analise verwysingsnommer / datum
- Telers en veilingsbesonderhede
- Onderteken deur Merino adviseurs wat inspeksie uitvoer

Reëls van toepassing op die publisering van BLUP en Prestasietoets data per veilings katalogus

Die teler / verkoper en betrokke afslaer kom tydens ondertekening van die veilingsmagtiging ooreen op 'n datum waarop die volgende inligting aan die afslaer deurgegee sal word ten einde die tydige en volledige opname van data per amptelike veilingskatalogus te verseker:

Die volgende inligting moet deur alle telers verskaf word.

- Geregistreerde teler besonderhede en adres
- Geregistreerde Merinostoet besonderhede en nommer
- Skeerdatum/s van toepassing op diere onder die hamer
- Inenting(s) en behandeling(s) ontvang
- Lotnommers met ooreenstemmende dier ID nommers soos amptelik in gebruik
- Algemene inligting bv. beknopte stoetgeskiedenis, teeldoelwitte en kuddeprofiel.

Addisioneel tot bogenoemde sal die volgende deur telers wat Prestasietoets en deelneem aan die nasionale Merino BLUP program verskaf word. Dit sluit Merino Veldramklubs in.

- Die analise verwysingsnommer en datum van toepassing op die datastel ten einde die onafhanklike verwerking en egtheid van inligting te staaf asook vir verifikasie doeleindes. Hierdie nommer en datum moet op die voorblad van alle katalogusse van toepassing aangebring word.
- BLUP en/of prestasiedata asook veseldikte inligting wat aan die voorgeskrewe vereistes van Merino S.A. voldoen

Sou dit wel gebeur dat enige foute in die katalogus voorkom of die korrekte gegewens nie dadelik beskikbaar is nie, moet dit per addendum tot die katalogus op die dag van die veiling aan voornemende kopers beskikbaar gestel word

Die **Teler / Verkoper** is verantwoordelik en aanspreeklik vir die korrektheid van die inligting in die katalogus, in besonder syfers wat kopersbesluite mag beïnvloed en daarom is die Teler / Verkoper dus verantwoordelik om toe te sien dat alle amptelike veilingskatalogusse hetsy voor of na die veilingsdatum aan die kantoor van Merino S.A. gestuur word vir kennisname, verifikasie en argief doeleindes.

Die Teler / Verkoper is verder ook verantwoordelik om toe te sien dat toepaslike foto(s), geneem word en met byskrifte versend word na die kantoor van Merino S.A. binne een maand na die veiling

Dit is die verantwoordelikheid van die **Afslaer** om:

- Die invul van die Merino S.A. veilingsvorm te hanteer en toepaslike inligting te versend na die kantoor van Merino S.A. binne een maand na die veiling
- In samewerking met Merino SA twee Merino adviseurs beskikbaar te stel om namens Merino S.A. by die veiling op te tree

Laaste wysiging: Augustus 2014